

18 Mei

**Skrifgedeelte: Markus 4:26-29 (NAV)**

**Fokusgedeelte: Markus 4:26**

### **Saad op die land**

Dit is darem ongelooflik hoe ryk die betekenis van die Koninkryk van God is ... dink maar net hoeveel gelykenisse Jesus daarvoor vertel het. Hier gaan dit oor die Woord en die Saaier. Natuurlik is elke kind van God 'n geroepene om te "saai" met die Woord – maar dié Saaier is eintlik Jesus Christus. Dit is die inhoud van die "saad" ... die doel van "saai" ... die wese van verkondiging.

Die saaiër ken die krag van God se Koninkryk! Hy doen sy werk ... hy saai. Dít is die grens tussen mag en verantwoordelikheid. As hierdie saaiër gesaai het (sy verantwoordelikheid nagekom het), kan hy maar rustig gaan lê en slaap (vgl. Ps. 4:9) ... die saad sal ontkiem en groei. Hoé weet hyself nie, maar die Gees van God gebruik die saad van die Woord om geloof te wek. Dít is die krag van die Koninkryk ... God se Gees! Die saad wat lewe op sigself het ... die grond ... die reën ... die sonskyn ... álles God se werk. Ná die verantwoordelikheid van die saaiër tree die mag van God se Koninkryk in werking. Die saaiër sien nie altyd dadelik die vrug op sy werk nie, maar hy kan rustig wees en sy verantwoordelikheid nakom ... God is daar om die saad te laat groei ... dít is die krag van die Koninkryk.

Net so werk God se Gees ook vandag in die harte van mense. Die verantwoordelikheid van die kind van God is om te "saai" ... te verkondig ... tydig en ontydig te getuig en te vertel van die groot daad van Jesus Christus se versoening in die lewe – en God sal die saad laat ontkiem.

Gaan "saai" ook vandag die saad van God se Woord. En moet nóóit die krag van die Heilige Gees onderskat nie ... weet dat Hy werk en laat groei ... oorlopend toe vol word die beker van God se versoening-liefde in menseharte. En jý is saaiër daarvan.

Sing: Psalm 125:1, 4 (2001-omdigting)

Ds. NW Ligthelm (Pretoria-Alkantrant)